# HILLCREST HIGH SCHOOL

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# GRAAD 11

# VRAESTEL 3

# STELWERK

# NOVEMBER 2019

**TYD: 2 UUR** **PUNTE: 100**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye**

**Inligting en instruksies**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A: | Opstel | (50) |
| Afdeling B: | Lang Transaksionele Skryfstuk | (30) |
| Afdeling C: | Kort Transaksionele Skryfstuk | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| Afdeling A: | 60 minute |
| Afdeling B: | 40 minute |
| Afdeling C: | 20 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit in die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Skryf jou Afrikaanse onderwyseres se naam op jou antwoord-boekie neer.

(Jordaan, Middleton, Meiring, Gilbert, Haluman of Ramdhani.)

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- **Skryf 'n opstel van 200 -250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk.**

1.1. Dit is 'n goeie vrou/man.

1.2. My kinderjare was...

1.3. Beskryf die gunsteling persoon in jou lewe.

1.4. Ek is regtig bly ek het dit gedoen.

1.5. Behoort eerstewêreldlande geld op ruimte ontdekkingsreise te spandeer?

1.6. Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor.
Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1.) neer.
**Jy moet 'n titel/opskrif vir jou opstel skryf.**

**LET WEL:** daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1.



1.6.2.



1.6.3.




**Totaal afdeling A: 50 punte**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1. **Onderhoud.**

Die bestuurder van 'n winkelsentrum in jou omgewing voer onderhoude met mense wat by hierdie winkelsentrum inkopies doen. Hy voer 'n onderhoud met jóú en wil weet wat jy van die sentrum dink. Hy vra jou uit oor wat jy dink van die winkels wat daar is, parkering, toiletgeriewe, sekuriteit, ensovoorts.

Skryf die ONDERHOUD tussen jou en die winkelbestuurder neer. Verwys na die dinge waaroor die winkelbestuurder jou uitgevra het.

2.2. **Resensie**

Die graad 11's het vanjaar nuwe voorgeskrewe boeke gekry.

Skryf 'n RESENSIE vir julle skoolkoerant oor een van hierdie nuwe voorgeskrewe boeke.

2.3. **Informele brief**

Iemand in jou familie het jou baie met jou aansoek om werk gehelp. Jy het die werk gekry.

Skryf 'n informele brief aan hierdie persoon om dankie te sê vir sy/haar hulp.

2.4. **Huldeblyk**

Jy het ‘n geliefde vriend/vriendin afgestaan aan die dood. Jy gaan ‘n huldeblyk by die begrafnis lewer.

Skryf die huldeblyk neer.

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 3

- **Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.**

3.1. **Plakkaat**

Julle skool wil 'n "Lees is 'n fees"-dag hou. Die doel van hierdie dag is om leerders aan te moedig om meer te lees. Maak 'n PLAKKAAT om mense oor hierdie dag in te lig.

3.2. **Rigtingaanwysings**

Jy en jou vriend is by jou huis. Verduidelik vir jou vriend hoe om van jou huis af tot by die winkelsentrum te ry.

Skryf die rigtingaanwysings stap-vir-stap en onder mekaar neer. Jy moet straatname en bakens noem.

3.3. **Dagboekinskrywing.**

Jou liefste troeteldier het verdwyn. Die troeteldier was vir 2 nagte weg. Gelukkig is die troeteldier veilig aan jou terugbesorg.

Maak die volgende TWEE dagboekinskrywings.

- Die tweede nag toe die troeteldier weg was.
- Die aand toe die troeteldier terugbesorg is aan jou.

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**